basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NELSON MANDELA BAAI DISTRIK

# GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## JUNIE 2023

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 ½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   - AFDELING A: GEDIGTE
     Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
     Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   - AFDELING B: ROMAN
     Beantwoord EEN vraag.

   - AFDELING C: DRAMA
     Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 – 300 woorde.
   - Die lengte van die literêre opstel vir die roman en drama is 400 – 450 woorde.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br><br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. “Maaltyd” | Opstelvraag | 10 | 5 |
| | | | |
| 2. “Elegie vir my toekomstige vrou” | Kontekstuele vraag | 10 | 6 - 8 |
| | | | |
| 3. “Die Bokser” | Kontekstuele vraag | 10 | 9 - 10 |
| | | | |
| 4. “Suiwer wiskunde” | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. “Waar ek woon” | Kontekstuele vraag | 10 | 12-13 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. Onderwêreld | Opstelvraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 7. Onderwêreld | Kontekstuele vraag | 25 | 14-16 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag. *** | | | |
| 8. Krismis van Map Jacobs | Opstelvraag | 25 | 17 |
| | | | |
| 9. Krismis van Map Jacobs | Kontekstuele vraag | 25 | 17-20 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| **AFDELING** | **VRAAGNOMMER** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **MERK (√)** |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel- of kontekstueel) | 6-7 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- of kontekstueel) | 8-9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik**.** | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Maaltyd - Peter J. Philander**

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van ’n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou’s sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.

[Bron: Uurglas, Nasionale Boekhandel, 1955]

In die gedig is daar verskeie beelde wat die spreker aan sy moeder herinner. Verwys in jou antwoord ook na die vaste struktuur, strofebou en rym.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Elegie vir my toekomstige vrou - Andrè Letoit**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
:dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd ’n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
“ek smaak jou” (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd
my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie

behalwe die dominee
en ’n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou: gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou (hahaha!)
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is ’n duur prys om te betaal
vir ’n lewe vol platoniese dogmatiek

[Bron: Suburbia, Perskor]

2.1 Wat is ‘n elegie en verduidelik waarom die gedigtitel satiries is. (2)

2.2. Herlees strofe 1.

2.2.1 Die spreker beweer dat hy die dag waarop hy die jy ontmoet het, nooit sal vergeet nie. Motiveer die teendeel van die stelling met EEN rede uit strofe 1. (1)

2.2.2 Bestudeer die tipografiese inkeping. Wat dink jy is die funksie daarvan? (1)

2.2.3 Watter stemming heers in die strofe? (1)

2.3 Verduidelik die ironie in versreëls 7 tot 10. (1)

2.4 Herlees versreël 33 tot 34.

Die spreker verwys na sy pa se vrou. Waarom noem hy haar nie ma nie? (1)

2.5 Herlees versreël 32.

2.5.1 Benoem die beeldspraak. (1)

2.5.2 Is die rede vir die gebruik van die beeldspraak oortuigend? Motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Waarom, dink jy, is die huwelik vir die spreker 'n duur prys om te betaal? (1)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die Bokser – Ernst van Heerden**

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wieging – ritmies, sterk -
tot skerm liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak...

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen die man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

‘n flikker-weerskyn word verskerf,
‘n lyf stort soos ‘n koring-gerf...

Wie is die man wat roerloos lê,
wie’t ‘n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan’t roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit?

[Bron: *Groot Verseboek*, Tafelberg, Tweede druk, 1986]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Motiveer waarom hierdie gedig as ‘n allegorie beskou kan word. | (1) |
| 3.2 | Herlees versreël 1.<br><br>Gee die letterlike en figuurlike betekenis van die versreël. | (2) |
| 3.3 | Motiveer op watter wyse die rymskema sowel as die strofebou vir hierdie gedig funksioneel is. | (2) |
| 3.4 | Spreek jou uit oor die funksionaliteit van die beletselteken in versreël 10. | (1) |
| 3.5 | Herlees versreëls 19 tot 20. | |
| | 3.5.1 Benoem en verduidelik die funksie van die klankeffek wat hier gebruik word. | (2) |
| | 3.5.2 Wat is die funksie van die retoriese vrae? | (1) |
| 3.6 | Watter boodskap het jy uit die gedig gekry? | (1)<br>**[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Suiwer wiskunde – N.P. van Wyk Louw**

1. Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
2. hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
3. word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby
4. hierdie verstarde uur sal groei. Die lug

5. het **stil** soos ys gaan **staan**, so wit en blou.
6. Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
7. bly in sy ligter sirkels vasgehou
8. en moet sy see 'n ewigheid versuim.

[Bron: *Nuwe Verse*, Tafelberg, 1954]

4.1 Herlees versreël 1.

Gee die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van die eerste drie woorde. (2)

4.2 Herlees versreëls 4 – 5.

4.2.1 Benoem die beeldspraak. (1)

4.2.2 Motiveer die geslaagdheid van hierdie beeldspraak. (1)

4.3 Spreek jou uit oor die funksionaliteit van die plasing van die vetgedrukte woorde in versreël 5. (1)

4.4 Herlees versreël 6.

4.4.1 Waarop dui die woorde "*oorbuig, val, en skuim*"? (1)

4.4.2 Verduidelik waarom die woord "*wou*" in hierdie reël funksioneel is. (1)

4.4.3 Is die gebruik van so baie kommas hier nie steurend nie? Motiveer. (1)

4.5 Wat is die stemming van hierdie gedig? (1)

4.6 Haal enige voorbeeld van progressie uit die gedig aan. (1)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Waar ek woon – Karen Pienaar**

Waar ek woon
ken ons nie werklik winter nie,
net
koue fronte
Bewolkte dae bring
geen reën–
net leë Beloftes–
en dou is die enigste
druppels wat klou
en kleef teen ruite en rame
soos weggeslukte trane

Waar ek woon
fluister Vlambome in Augustus
teen sonop en sononder
‘n eed van kleur
oor ‘n bloeisel-kleed
in November
oor mooi weer in Desember

Waar ek woon blom
Jakarandas uit pas–
Oktober tot lank ná nuwe jaar
en baksteenmure bars, buig, sug
en staan skeef soos ‘n ou man se rug

Kanariegeel verf gemeng met ‘n braaivleisvuur
se as
is die kleur van die winter se gras en
die strate staan geraam met
bome van vergane geslagte
en die frons van tyd geëts in hul baste

Waar ek woon
tel ek té vroeg in Augustus
die sente wat moes

hou
tot die lente

en elke maand
is myle langer as Desember
maar dieselfde son skyn
hier
as op enige ander
plek

[Bron: My eie verse, 2021]

5.1 Watter retoriese middel kom in versreëls 1, 12, 19 en 30 voor? Wat is die funksie daarvan? (2)

5.2 Met watter gedig het ons te doen indien ons na die uiterlike bou van die gedig kyk? Gee ook EEN kenmerk om jou antwoord te staaf. (2)

5.3 Herlees versreël 13.

5.3.1 Benoem die beeldspraak. (1)

5.3.2 Identifiseer die halfrym wat hierin voorkom. (1)

5.3.3 Spreek jou uit oor die effektiwiteit van dié halfrym. (1)

5.4 Wat word met die spreker se woorde in strofe 5 geïmpliseer? (1)

5.5 Op watter wyse word die woord in versreël 38 beklemtoon? (1)

5.6 Formuleer die tema van die gedig in jou eie woorde. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag)

### VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Die roman *Onderwêreld* voldoen aan die vereistes vir jeugliteratuur omdat die leser met die emosionele krisisse van die hoofkarakter kan identifiseer.

Bespreek dié stelling in ŉ opstel van 400 – 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: ONDERWÊRELD – KONTEKSUELE VRAE

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

"Hel, ek weet nie eers wát ek wil swot nie."

Ek maak Eckardt se laptop toe en vee met my vingers oor die *Matrix*-plakker op die buitekant.

"Ek dink ek sal iets in die lyn van computers gaan swot, sê Eckardt. "Programming of Information Technology. Dit sal cool wees om 'n job te hê waar ek steeds kan speel met die tools en systems wat ek nou gebruik en om betaal te word daarvoor." Sy gesig helder sommer op toe hy dit sê. Ek kan hom nogal in so 'n rigting sien, hy sal goed wees daarin.

Ek wonder skielik wat John sou geswot het. Sou my pa hom **steeds** in 'n rigting gedruk het waar hy nie wou wees nie?

"Jy droom lekker," sê Eckardt.

"Skies, ek dink sommer net."

"Oor?"

"Oor hoe mens besluit," lieg ek. "Ek meen, ek is nog so jonk. Hoe moet ek weet wat ek vir die res van my flippen lewe wil doen?"

"Tja, die skole toets jou kamstig, gee raad. Maar op die ou einde is die besluit joune. Ek dink jy moet luister wat jou hart sê."

"My hart sê: 'n toe bek is 'n heel bek. Hy praat nie," lag ek.

"Miskien moet ek oorsee gaan. Net so vir 'n jaar of twee. Maar ek sal sien hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi."

"Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna agttien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."
"Jy ken obviously nie my pa nie," grinnik ek.
"Jy's reg, ek ken hom nie." Daar is 'n vreemde glinstering in Eckardt se oë toe hy dit sê, maar hy tel weer sy boek op en ek vergeet daarvan.

7.1 Teen watter agtergrond speel die gebeure af? (1)

7.2 Herlees reël 2 – 3.

Op watter wyse sluit die aksie van Greg in TEKS A by TEKS B aan? (1)

7.3 Herlees reël 7.

Waarom dink jy helder Eckardt se gesig so op? (1)

7.4 Herlees reëls 10 – 11.

Verduidelik wat die rol is wat John in Greg se lewe gespeel het. Dui ook aan wat met die vetgedrukte woord in reël 10 geïmpliseer word. (3)

7.5 By watter tema van die roman sluit reëls 10-11 aan? Gee nog een voorbeeld uit die roman waar dié tema voorkom. (2)

7.6 Herlees die onderstreepte sin.

Stem jy saam met Eckardt se stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

7.7 Herlees reël 25.

Verduidelik die ironie in Greg se woorde. Haal 'n bewys uit die uittreksel aan om jou stelling te staaf. (2)

**EN**

**TEKS B**

Toe hy omdraai en kamer toe stap, hoor hy sy pa sê: Nag. Lekker slaap..." Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker.. Verdwyn.
Maar dit is goed so, want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies. Een waarmee hy die vrees kon uitdryf. 'n Naam wat sê hoe dit

voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld in ruil te kry.

Ek tree terug, voel die koue glas van die galery se venster agter my rug. Hoe kan dit wees?

"Die foto van jou gesin, jou broer, suster, jou pa-hulle..."sê-vra

Van die internet afgelaai. Ek het nie 'n clue wie die mense is nie."

"Die telefoonoproepe met jou ouers?"

"Dit was nie my ouers met wie ek gepraat het nie..."

Liewe hel tog! Skree dit binne my.

"Sien jy hoe fyn was dit beplan? Die aand toe ek weg is, het ek ook alles net so gelos. My klere, boeke, selfoon, die laptop. Nee, wag, die laptop het ek omgeruil. Ek het 'n ander een gelos wat niks sou beteken nie, self al soek hulle hóé vir leidrade. Dit het gehelp om my tracks te cover. Ek moes tog vir die polisie iets gee om te doen, om tyd te wen...vir jou....

7.8 In watter ruimte bevind Eckardt en Greg hulle hier? Watter dramatiese wending vind in hierdie ruimte plaas? (2)

7.9 Daar word van twee tipes vertellers in die uittreksel gebruik gemaak. Benoem die twee en dui aan waar dit in die verhaalstruktuur pas. (4)

7.10 Herlees reëls 4 - 5.

Wat is die naam wat Eckardt vir homself kies? Waarom het hy nodig om vir homself 'n ander naam te kies? (2)

7.11 Herlees reëls 5 – 7.

Op watter antwoord wag Eckardt waarop hy net 'n eggo kry? Noem nog TWEE eggo's waarvan daar in die roman gelees word. (3)

7.12 Herlees die laaste sin van die uittreksel.

Waarmee was Greg besig waarvoor hy tyd nodig gehad het? Wat dink jy was die uiteindelike implikasie hiervan vir sy pa? (2)

7.13 Dink jy die gebruik van so baie Engelse woorde in die uittreksel is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag)

### VRAAG 8: KRISMIS VAN MAP JACOBS - OPSTELVRAAG

Die drama voldoen aan die vereistes vir protesteater. Die sosiale misdrywe, milieu en uitsiglose bestaan se invloed word veral gesien in die lewens van Map Jacobs en die Cavernelis-gesin.

Bespreek dié stelling in ʼn opstel van 400 – 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: KRISMIS VAN MAP JACOBS - KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

*Geluide*

MAP: ʻIs in die kombuis, die skottelgoed. Dis net om die hoek, in die gang af.

*Stilte.*

MAP: Ek sweer alles sal nou regkom, Ma ... Hulle moet my net ʼn kans gee, daar buitekant ... Die social worker, miss Africa, sy't moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my ʼn kans gee. Ek moet ʼn werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, ʻit maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek ʼn annerste man is ... Ma ... Sê tog vir Blanchie wat ek sê

*Sy knik. Stilte.*

MAP: Ma lyk goed. Hoe gaan ʻit moet Oompie Paulsen-hulle? Die band practise seker al vir Krismis. Ek onthou ... Dis regte mense daai, Oompie Paulsen-hulle. Oompie Paulsen en Kaffi'tjie Arries, en Boytjie Louw, ek onthou al hulle name even! Sê vir hulle **sewe** jaar is ʼn lang tyd, maar ʼis oek ʼn kort tyd, ek onthou al hulle name even ... en Danny Delcarme, en Bêrend Oliphant, en Freddy, wat is sy van nou weer ... en Tommy Sobotker, Tommy

moet sy goetertjies! ... Kan Ma gló, ek kom ýt, op die sewende ... O ja, Freddy la Vita ...

*Sy knik.*

MAP: Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner, Ma ... Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie ... Sewe jare.

9.1 Herlees reëls 1–2.

Hoe help die toneelaanwysing aan die begin van die uittreksel die leser om dié reëls te verstaan? (1)

9.2 Teen watter agtergrond vind hierdie gesprek tussen Map en sy ma plaas? (1)

9.3 Het Map die kans gekry waarna hy in reël 5 tot 6 verwys? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die drama. (2)

9.4 Herlees reëls 8-10.

9.4.1 Verklaar die gebruik van die ellips. (1)

9.4.2 Waarom is dit korrek om te sê Ma se knik en stilswye verkry ŉ dieper simboliese waarde? (1)

9.4.3 Hoe word die stilte eindelik opgehef? (1)

9.5 Is Map se onderstreepte woorde in reël 15-16 geregverdig? Motiveer. (1)

9.6 Waar in die struktuur van die drama pas TEKS C in? Motiveer jou antwoord. (2)

9.7 Die vetgedrukte woord in reël 18 is funksioneel en simbolies in hierdie drama.

9.7.1 Wat is die implikasie vir die res van die gemeenskap dat Map juis na sewe jaar vrygelaat word? (1)

9.7.2 Wie het Map die meeste in sy bekering bygestaan? (1)

9.8 Herlees reël 25.

9.8.1 Hoekom het Cavernelis nie van Map gehou nie? (1)

9.8.2 Cavernelis se lewensdoel het sy lewe oorheers. Motiveer of hierdie stelling geregverdig is al dan nie. (1)

9.8.3 Is Cavernelis se strewe uiteindelik verwesenlik? (1)

**EN**

**TEKS D**

RICHIE: Anyway, 'is seker oek nie ons biesagheit nie...

CYRIL: Shit, hoe praat jy dan nou nes ou Tommy! (*Lag. Hulle speel hulle kerrim. Die kerrimskyfies is "kinders".)* Hê, my kinners is darem weer stout vi'dag!

RICHIE: Stoot, jong, stoot!

*Hulle speel.*

CYRIL: Hê, die ou-lady het toe nooit weer eintlik gepraat nie, nè?

RICHIE: Ja! Sy loep ma' altyd so silent-silent...

*Hulle speel.*

CYRIL: Hulle sê sy's stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog toe dit gebeur het... Sy sê glo net 'n woord hier en daar, ma' dis al...

RICHIE: 'Is hearty...

CYRIL: Ja.

*Hulle speel.*

RICHIE: Hê, my kinnertjies, kom dan nou, kom dan nou!

*Hulle speel.*

RICHIE: 'it was die shock van die ding, daai aand, sê hulle...

CYRIL: Concentrate op die game, man!

RICHIE: 'It kán so gebeur, sê hulle...

CYRIL: Ek sil nie wiet nie, man, ek is nie 'n fokken psychiatris' nie! Speel!

*Hulle speel.*

RICHIE: ‘It was glo daai anner vark, Gappie Martin, se skuld eintlik... daai aand... Hulle’t altyd gesê ‘is hý wat die hele ding begin het, daai aand...

CYRIL: Ma’ Map was die leader, man... Hy was mos altyd die leader... Ennie leader moet die responsibility vat... Hulle ammal was vuil varke...

9.9 Herlees reël 1 en 2.

Watter karaktertrek van Tommy kan duidelik uit die reëls afgelei word? (1)

9.10 Herlees reëls 2 tot 5.

9.10.1 Dink jy die gebruik van personifikasie in hierdie reëls is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

9.10.2 Watter karakter maak hom skuldig aan jou antwoord by 9.10.1? (1)

9.10.3 Waarvan is hierdie spel ŉ simbool in die drama? (1)

9.10.4 Verduidelik hoe hierdie spel bydra tot die tema in hierdie drama. (1)

9.11 Herlees reël 22 tot 23

9.11.1 Daar kom kru taal in die drama voor. Sou jy sê dit is gepas? Motiveer. (1)

9.11.2 Met watter tipe teater het ons in die drama te doen, waarvan kru taal ‘n kenmerk is? (1)

9.11.3 Wat wil Cyril met sy woorde bereik? (1)

9.12 Watter stemming kom in TEKS C voor en hoe verskil dit van die stemming in TEKS I? (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**